*AT VAN WYK: Die Keeromstraat-Kliek. Die Burger en die politiek van koalisie en samesmelting, 1932-1934. Tafelberg, Kaapstad, 1983. R20,00*

Dit gebeur hedendaags min dat geskiedeniswerke in Afrikaans vir bekroning in aanmerking kom. Die feit dat DIE KEEROMSTRAAT-KLIEK binne maande na sy verskyning met die Recht Malan-prys bekroon is, is dus 'n belangwekkende gebeurtenis. Die feit dat die boek deel vorm van die opdragnavorsing van Nasionale Pers en met 'n Nasionale Pers-prys bekroon word, toon watter stimulant privaatopdragte en bekronings vir navorsing kan wees. Die aandag wat die verskyning van dié werk in die openbare pers geniet het, is nog 'n illustrasie van die feit dat aktuele temas wel deeglike openbare belangstelling in die geskiedenis demonstreer. Die tydstip waarop die boek verskyn het, was ook ideaal om openbare belangstelling gaande te maak.

Dit handel immers oor die tydperk van koalisie, skeuring, verdeeldheid en twis in Afrikanergeledere en is daarom in die kol. In 1932-34 het die Nasionale Party oor koalisie geskeur en was dit die Gesuiwerdes van dr. D.F. Malan wat onder die kwaai en bitsige veroordelinge van die Hertzog en Sap pers moes deurloop.

Vir enige belangstellende wat in die huidige tydperk van skeuring en verdeeldheid leef, moet die versoeking om parallelle te trek dus baie groot wees. Van Wyk kon dié versoeking ook nie weerstaan nie en in die slot agt bladsye onder die opskrif Gister en Vandag wys hy op belangrike ooreenkomste tussen 1932-1934 en 1982-1984. Puriteine sou beswaar hê dat 'n historikus hom op hierdie wyse buite die veilige vesting van historiese beoordeling, vertolking en beskrywing waag. Ek vind dit egter 'n betekenisvolle bydrae om juis die aktualiteit van die geskiedenis by lesers tuis te bring. Van Wyk se ooreenkomste is betekenisvol en versigtig gekies. Hy sou dalk minder versigtig of meer waaghalsig kon gewees het en ook op 'n ander ooreenkoms kon gewys het: die Gesuiwerdes se oortuiging dat Hertzog se bedeling nie kon werk nie en dat hulle net moes wag vir die krisispunt waar dié bedeling voor 'n basiese beslissing te staan sou kom. Daar is ook belangrike verskille wat begryp moet

word ten einde dié periode en stryd in perspektief te sien. Van Wyk gee hieraan nie aandag nie en laat myns insiens 'n leemte in die aktualiteit van die tema. Miskien was hy doelbewus versigtig en het hy verkies om eerder met 'n lang aanhaling uit P.J. Cillie te volstaan. 'n Mens wil hoop dat daar in die aktualiteitsgesprekke rondom dié boek, geleentheid geskep kan word vir só 'n debat. Miskien wil 'n radio-besprekingsprogram daaraan byt.

Reaksies in die pers, en ek dink hier in besonder aan Willem van Heerden se reaksie, het twyfel uitgespreek oor die geldigheid van Van Wyk se sentrale bevinding nl. dat dr. A.L. Geyer en Die Burger die werklike krag en koersvaste rigtinggewer van die Nasionale Party in die moeilike jare was. Behalwe Geyer wat deurgaans as die Ysterman voorgestel word, is die ander "sterk" manne, manne van Nasionale Pers en politici soos A.J. Werth en J.H.H. de Waal. Hertzog word as 'n onverbiddelike outokraat met min mensekennis voorgestel, dr. Malan word by tye as 'n twyfelaar en 'n man met voete van klei voorgestel. Geyer is die een wat altyd die helder visie, die vasberade wil en die ware politieke insig het. Miskien was dit nie doelbewus Van Wyk se oogmerk om só 'n beeld te skep nie en het dit ontwikkel uit die wyse waarop hy beskrywend eerder as ontledend te werk gegaan het. maar dit bring mee dat die bevindinge van die werk altyd omstrede sal bly. Daar moet egter dadelik bygevoeg word dat omstrédenheid geen afbreuk doen aan die waarde van die werk nie. Trouens, werke oor aktuele onderwerpe soos die Rebellie, Samesmelting en die Ossewa-Brandwag sal noodwendig 'n sekere mate van omstredenheid hê.

Tog kan 'n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat enkele diepere ontledings skerp lyne wat Van Wyk trek, sou versag het. Ek wil net drie voorbeelde ter illustrasie aanhaal:

- Hy volg Geyer op die voet wanneer Geyer sterk standpunt inneem teen dr. Malan se onverwagse toenadering tot Hertzog in Januarie 1934 (bladsy 135 en verder). Malan word voorgestel as iemand wat ontrou geword het. Van Wyk gaan selfs so ver om te beweer dat die Wagtoring (Malan se rubriek in Die Burger) gewankel het en dat as Geyer en Die Burger nie daar was nie, dr. Malan 'n smelter sou geword het. Dit is so jammer dat H.B. Thom se studie oor dr. Malan in dié jare nooit voltooi is nie, want 'n mens sou graag Van Wyk se bevindinge met Thom s'n wou vergelyk. Van Wyk laat myns insiens nie reg geskied aan Malan se eerlike soeke na 'n kompromie wat stellig nie só vergesog was as wat Geyer dit voorstel nie. Trouens Geyer self het op 'n stadium meer realisme geopenbaar toe hy wel die hoop, al was dit net 'n kortstondige oortuiging by hom, uitgespreek het dat dr. Malan se poging wel sal slaag (bl. 149).
- Malan se perspektief sou straks duideliker na vore kon gekom het, as die werklike strydpunte waarom die debat gegaan het, vroeër aan die orde gekom het en die studie daaromheen eerder as om Geyer as persoon gebou is. 'n Mens begryp egter dat die opdrag was om oor Die Burger te skryf en dat só 'n benadering moontlik Die Burger 'n bietjie meer in die agtergrond sou geplaas het. Die werklike politieke strydpunte kom eers vanaf bladsy 142 aan die orde. Toe is die verhoog reeds met persoonlikhede betrek en word die vraagstukke deur persoonlikhede oorheers. Van Wyk se oorspronklike benadering waarvolgens hy dié stuk geskiedenis juis as 'n drama van persoonlikhede voorstel, het hom stellig sterk gelei om eerder op die persone as die vraagstukke klem te lê. Daarmee skep hy 'n spanningslyn in sy studie, maar kom die perspektiewe nie duidelik na vore nie.
- By die lees van hierdie konfrontasie van persoonlik hede skemer die ware politieke vraagstukke van di land deur maar word hulle nie die plek gegee wa hulle werklik verdien nie. Die ekonomiese problem kom byvoorbeeld die sterkste na vore maar dan altyc in terme van die persoonlikhede, nie in terme va hulle ware aard, plek en rol nie. Die kleurvraagstuk loer voortdurend om die hoek, maar die sentrale ro wat dit byvoorbeeld in Hertzog se denke gespeel het bring nie daardie nodige perspektief op sý siening va sake en dus op sý bepaalde prioriteite nie.

Bogenoemde voorbeelde toon net hoe uiters ingewikkelc dit is om 'n egte perspektief op die totale geskiedenis va só 'n verwikkelde problematiek soos die van Suid-Afrika te kry. As 'n mens Van Wyk se opdrag in ag neem, kan 'n mens begryp dat hy op Geyer en Die Burger moes konsentreer. Dat hy Geyer en Die Burger se uiters belangrike rol beklemtoon en waardevolle insigte daarin verskaf, is 'n baie groot verdienste. Dit lewer 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling en die soeke na die ware perspoektief op hierdie deurslaggewende tydperk. Daarom waardeer mens ook die talle onopgeloste vrae wat Van Wyk soos ware wetenskaplike op bladsye 189-191 aan die orde stel.

Uit die onderwys se oogpunt beskou is hierdie boek 'n waardevolle bron vir elke geskiedenisonderwyser. Hy behoort op elke onderwyser en op elke skoolbiblioteek se rak. Die skryftrant is boeiend en hoewel 'n magdom ingewikkelde gegewens behandel word, behort intelligente leerlinge met goeie leiding maklik hulle weg te vind. Die boek leen hom ook tot talle klein opdragte wat leerlinge kan uitvoer. In die leerplan kom die leerlinge vir Hoggenheimer teen. 'n Opdrag om 'n bladsy oor dié karakter te skryf kan maklik uitgevoer word deur net bladsye 23-24 te lees. Dieselfde geld vir die spotprente van D.C. Boonzaaier (pp. 23-27), prins Labia en heelwat ander persoonlikhede.

DIE KEEROMSTRAAT-KLIEK is 'n groot aanwins. Mag dit tot stimulering van die populêre en akademiese gesprek oor hierdie belangrike periode in ons geskiedenis lei.

*P.H. Kapp*

*KAREL SCHOEMAN: In liefde en trou, die lewe van pres. en mev. M.T. Steyn. Human en Rousseau, Kaapstad, 1983. R22,50.*

Karel Schoeman se deernisvolle boek oor M.T. Steyn en sy ewe beroemde vrou is 'n boek wat hom om verskeie redes tot besondere bruikbaarheid in die klaskamer leen. Dit is geen gewone biografie nie hoewel die lewensverhaal van die twee Vrystaatse reuse wel deeglik vertel word. Tussenin is volledige briewe opgeneem wat hom tot uitstekende gebruik van primêre bronne leen. Daar is ook 'n uitgebreide versameling foto's wat netso nuttig aangewend kan word. 'n Enkele voorbeeld ter illustrasie: Hoe beleef 'n leier 'n militêre nederlaag wat nie net die einde van sy pad nie, maar ook dié van sy volk kan beteken? Laat die leerlinge bladsye 67-110 en veral die briewe lees en dan verduidelik hoe hulle meen pres. en mev. Steyn die nederlaag in die Anglo-Boere-oorlog en die besluite van die Vrede van Vereeniging beleef en verwerk het.

Schoeman se werk moet verwelkom word omdat daar so min oor hierdie geliefde egpaar beskikbaar is. Steyn was 'n krag in die republiek se stryd, mev. Steyn 'n ligbaken in die heropbou van die Afrikaner. Skole, onderwysers en ouers kan gerus die werk aanskaf om nader kennis te maak met hierdie twee heldefigure.

*P.H. Kapp*

Brill Bros. M 4615